WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 04/2020
30/04/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Genl Constand Viljoen: Voormalige H SAW

Genl Viljoen se seun, Petrus, verwittig met leedwese "… dat genl Viljoen op 03/04/2020 op sy plaas in Ohrigstad in die ouderdom van 87 jaar gesterf het. 'n Gedenkdiens sal mettertyd by die Voortrekkermonument plaasvind, waar die as in 'n nis bewaar sal word. Genl Viljoen se eggenote, Ritsie, se selno is 083 356 8177".

2. Afsterwe van Cecil Heinenging van die SA Leër

Faan Gerber van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Cecil in Tygerberg Hospitaal oorlede is. Cecil was in Langebaan woonagtig en is in die hospitaal opgeneem waar 'n gewas op sy Pankreas ontdek is. Sy kapelaan, ds Marius Britz, se selno is 082 789 5804".

3. Passing of WO2 Richard Stack of the TSC

Paul Els of Signals advises with regret "... that Richard had passed away on 01/04/2020".

4. Passing of Herman Van Wyk of 1 Tac Int Regt

Mike Huxtable of Army Intelligence advises with regret "… that Herman had passed away. You will be sorely missed".

5. Afsterwe van Elsa Kirsten van die Seiners

Deon Van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese "…dat Elsa op 10/04/2020 in Tygerberg Hospitaal oorlede is. Na opleiding by die SA Leër Vroue Kol te George het Elsa by Kmdt WP Seineenh gedien, voordat sy later by 4 Verk Regt, HK Kmdt NW en 4 Elektr Wkp werksaam was. Die begrafnis sal na die huidige tydperk plaasvind".

6. Ernstige Terugslag vir Toon Cook van die Infanterie en Leërinligting

Nadat Toon onlangs geval en ‘n wond agter op sy kop opgedoen het, is hy na behandeling by 1 Mil Hosp ontslaan, maar het ‘n paar dae later rusteloos en deurmekaar geraak. Toon se dogter, Berdine Botha, het vir Toon na 1 Mil Hosp geneem waar hy verskeie toetse ondergaan het. Met Berdine se besoek aan Toon in Saal 15 op 29/04/2020 het sy gevind dat Toon nie reageer nie. Die ergste word gevrees. Berdine se selno is 082 385 2550.

7. Terugslag vir Izan (Robie) Leibrandt van die Meg Infanterie

Paul Els van die Seiners rapporteer dat Michiel Burger van die Meg Infanterie op FaceBook vermeld het “... dat Robie uiters siek is en tans in 2 Mil Hosp behandel word. Hy verduur erge pyn. Bid asseblief dat hy van sy pyn verlos word”.

8. Terugslag vir George (Swannie) Swanepoel van die Geskut

Flip le Roux van die Infanterie rapporteer “… dat Swannie op 24/03/2020 in die Kloof Kliniek vir kanker op die lewer behandel is. Dit het goed gegaan en hy is ontslaan, maar ‘n dag na sy ontslag is hy egter weer opgeneem nadat hy longontsteking opgedoen het. Swannie is 'n baie positiewe mens en het al vele terugslae beleef en positief gebly. Hy het ook my skoondogter baie ondersteun nadat sy met longkanker gediagnoseer is. Haar een long is verwyder en sy kry nog chemo-behandeling, maar glo dat Swannie se positiwiteit haar ook deur die terugslag gedra het”.

9. Versorging van Basjan van Niekerk van die SWAGM

Johan van Wyngaard van Leërinligting rapporteer “… dat Basjan by die Sorgeenheid op Hentiesbaai opgeneem is, maar dit gaan nog heel goed met hom gaan”.

HULDEBLYKE AAN GENL CONSTAND VILJOEN : VOORMALIGE H SAW

10. Note on the Web Page of the Signals Association

“Veterans, I would ask that you be upstanding, remove your headdress and bow your heads in respect to Gen Constand Viljoen on his passing”.

11. Piet Viljoen

“My pa is op 03/04/2020 rustig op sy plaas in Ohrigstad oorlede. Wat ‘n man om Pa te kon noem”.

12. Genl Georg Meiring : Voormalige H SAW en H SANW

"Hier het ‘n groot man ons nou ontval. Die tyd het gekom dat hy ook van ons weggeneem moes word en nou bly net die hartseer en herinneringe oor. Daar kan nie regtig genoeg oor so 'n person gesê word om reg te kan laat geskied aan die omvang van sy Soldaat-, Politikus- en Menswees nie. Elkeen van ons sal nog baie kan byvoeg oor wat genl Viljoen vir hom of haar beteken het. Daar is soveel fasette van die man wat as uniek beskryf kan word. Vir my was sy grootste bate sy sin vir integriteit, asook sy lojaliteit, toewyding en ondempbare geesdrif vir dit waarin hy geglo het. As soldaat was hy die toonbeeld van alles wat van 'n soldaat, leier en bevelvoerder verwag sou kon word. Hy was ook 'n diep gelowige met 'n groot liefde vir sy familie. Ek en baie ander was bevoorreg om vir lang tye direk onder hom te kon dien en vir my was hy die beste bevelvoerder wat ek ooit gehad het. Ons eer sy gedagtenis en ons harte gaan uit na Ristie en hulle kinders in hierdie tyd. Die SAW was bevoorreg om hom vir solank as leier te kon gehad het”.

13. Gen Solly Shoke : C SANDF

“Sad news indeed. Gen Viljoen was a very honest man and forthright. A pure soldier”.

14. Genl Joffel van der Westhuizen van die Geskut

Generaal Viljoen ‡

Groot die Genade deur u ontvang,
diep u God, Volk en Grond belang,
lank in ons lewens u plek,
wyd gegiet in respek.

Generaal ... Generaal,
wat ’n mooi lewe behaal.
Ons Generaal-Spesiaal.

15. Gerda Putter : Eggenote van Wyle Adm Dries Putter van die SAV

“Dit was ‘n voorreg om u te geken het. ‘n Groot man het by ons verby gegaan”

16. Gert Opperman van die Infanterie
‘Genl Viljoen was sy hele lewe lank ‘n man van onkreukbare integriteit, ‘n gelowige mens van sterk inbors en oortuiging, ’n volksman en patriot soos min. Hy was ‘n gedissiplineerde soldaat maar nooit ‘n jabroer of naprater nie. Hy het altyd volgens sy oortuiging opgetree en was bereid om sterk standpunt in te neem en ook van sy meerderes te verskil, as hy gedink het dat dit nodig was. Hy was ‘n leier sonder weerga, ‘n vegsoldaat wat daarvan gehou het om in die voorste linies te wees, ‘n soldaat se soldaat, maar het altyd en onder alle omstandighede vir Risti ‘n goeie man en vir sy kinders en kleinkinders ‘n goeie pa en oupa gebly. Ons betreur sy afsterwe maar is saam met sy familie bly dat hy op ‘n waardige wyse rustig kon heengaan.

17. Sarel Myburgh van die Geskut

“In die toekoms en vir baie geslagte hierna, sal u saam met ons topgeneraals verewig word. Met die sak van die son in die Weste en met die opkoms van die son in die môre, sal ons hierdie generaal onthou!”

18. Johan van Wyngaard van Leërinligting

“ ‘n Baie groot boom het geval”.

19. Frans Esterhuyse van die Kavallerie

“Hy was ‘n ware leier van statuur. Ons saluur u vir alles wat u vir ons land en sy mense gedoen het. Rus in vrede, generaal”

20. Roy Marais van die Seiners

“Ons salueer u en mag die Liewe Vader u familie op sy hande dra en troos. Ons sal u as soldaat en mens nie vergeet nie”.

21. Lukas de Waal van die Staatsdiens

“Ons as siviele amptenare, wat parlementêre diens in Kaapstad gedoen het, het effens opsy gestaan wanneer ons die generaal in die gange teëgekom het, sodat die generaal, uit eerbied en respek, verby kon kom. Mag u in vrede rus”.

22. Jan Bosman van Personeel

Waar mens genl Viljoen ook al raakgeloop het, het hy altyd vriendelik gegroet. Die ewige soldaat het respek by vriend en vyand afgedwing. Ek salueer u!

23. Willie (Varkie) Meyer van Leërinligting

“As daar ‘n stofwolkie om die hoek gekom het, dan het die kursusgangers by die SA Leërkol geweet dat die bevelvoerder nou net daar verby is. Met sy vinnige, ferm militêre stappie het ons respekvol na hom as ‘… kolonel Stofstrepie’ verwys. Dit was onder sy en sy eweknieë se kundigheid, leiding en hulle liefde vir hul land met al sy burgers, dat ‘n weermag-leierskorps gevestig was wat in samewerking met instansies soos Krygkor, die WNNR, die Atoom Energie-korporasie en die algemene nywerheid met inisiatief, vindingrykheid en met bloudraad, knyptang en liefde ‘n weermag tot voordeel van alle gemeenskappe gevestig het. Dit het veroorsaak dat die RSA ‘n dinamiese en vooruitstrewende leier geword het. Genl Viljoen en al u makkers, ons salueer u uit erkenning vir wat u bereik het”.

24. Genl Constand Viljoen : Die Operasionele Soldaat

Chris Serfontein van die Infanterie het die foto verskaf en toon Chris as Bev Sektor 10 wat uitwysings aan genl Viljoen doen. Regsagter staan wyle Theo Beyleveld van die Kavallerie. Die foto is op 28/06/1980 by Mupa in Suid-Angola geneem, waar genl Viljoen vir Veggroep 10 tydens Op Sceptic besoek het. Die veggroep het dié oggend 'n suksesvolle aanval geloods en was met opruiming besig.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

25. Genl Reg Otto : Voormalige H Leër

“Hier in Port Elizabeth gaan dit nog goed met my en Kowie. Het egter in Sep 2018 ietwat van ‘n terugslag gehad toe ek geval en my heup gebreek het. Het darem redelik goed herstel en kom oor die weg. Stuur asseblief groete aan al die ou Militêre Veterane. Kowie sal antwoord as u my by 084 251 6717 wil skakel”.

26. Chris le Roux van die Parabats

“Ek en Marlyna woon sedert Mrt 2019 in SW Australië, in Dalyellup, naby Bunbury wat ongeveer 180 km Suid van Perth geleë is. Ons wou graag weer naby ons seun en sy gesin en veral die kleinkinders wees. My e-posadres is chrisleroux924@gmail.com”.

27. Monica Moolman van Personeel

“Met die verandering van die seisoen het ek vanoggend my klerekas krities bekyk en tot die gevolgtrekking gekom dat as ons ‘ou mense’ se inperking tot Sep 2020 gaan duur, ek definitief my pajamas sal moet aanvul”.

28. Flip le Roux van die Infanterie

“Ek boer op die Gemsbokvlakte tussen Mafeking en Bray op die Botswana-grens en doen my besigheid in Vryburg, so 140 km van hier. Ek het my plaas vier jaar gelede verkoop, maar bly nog steeds op die grond en bestuur plase vir ‘n saaiboer van Bultfontein. Hier by ons in die Molopo gaan dit baie goed want ons het goeie reën deur die seisoen gehad, ons weiding is goed en ons gaan vir die eerste keer in jare sonder bekommernis die winter binne. John Church van die oorlogsfront in Angola is my buurman.

Die plan is om oor vier jaar op Oudtshoorn te gaan woon, waar ek ‘n huis het sodat ek en Swarthand en Paul Stroebel lekker kan saamkuier. Groete uit die Molopo. My e-posadres is lerouxflip@gmail.com. Groete uit die Molopo aan al die Veterane”.

29. Gedagte aan Wyle Ormonde Power van Spes Magte

Piet Roos van die Vlamgatte noem “… dat daar verkeerdelik na ‘Norman’ ipv ‘Ormonde’ in die vorige Nuusbrief verwys was. Ormonde en Tanya was baie goeie vriende van my gewees. Ormonde was an absolute gentleman and a dedicated soldier. RIP old friend.

Ek vertrou dat ons Liewe Vader al die Militêre Veterane in hierdie onsekere tyd sal beskerm”.

30. Phillip Lloyd van die Infanterie

“Ek en Nita woon nou in in die Protea Aftree-oord in Centurion. Deur die Genade van Bo gaan dit baie goed met ons en is lewende bewys dat ‘... old soldiers do not die, they just fade away!’ Ons kontakbesonderhede is 082 562 6384/060 988 2833 en phillip.lloyd09@gmail.com en verneem graag van ons ou makkers”.

31. Hennie Heymans van die ZARPe

“Die Zuid-Afrika Polisie het 107 jaar gelede tot stand gekom en ek het in 1964, op die 50ste herdenking daarvan, aangesluit! Mag die Mag voortleef in ons gedagtewêreld! Die Mag was vir my baie goed gewees en die Here het my beskerm teen soveel gevare en behalwe vir 'n hou teen die kop met 'n kierie het ek nooit seergekry nie. Was ook in talle klein stampies, maar het in talle botsings nooit seergekry nie”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

32. New Carriers of the USN Have Expensive Toilet-Clogging Problem

In the latest example of how the US Navy is flushing money down the drain with its new aircraft carriers, newly installed toilets have been revealed to have a major clogging problem and it costs nearly half a million dollars to fix it each time.

DIE STRYD IN NOORD-MOSAMBIEK

33. Russe Misluk, Nou Veg Suid-Afrikaners Teen Rebellegroep in Mosambiek

Adri Kotze skryf in Vrye Weekblad se uitgawe van 10/04/2020 dat dit blyk dat privaat SA militêre operateurs nou die Mosambiekse Regering help in sy stryd teen insurgente in die Noorde van dié land. ‘n Groep SA privaat militêre kontrakteurs is in die noorde van Mosambiek ontplooi om die toenemend gewelddadige insurgensie van ekstremistiese groepe wat bande het met die sogenaamde Islamitiese Staat (Isis) te probeer onderdruk. Drie helikopters van dié groep, waarvan minstens twee in Suid-Afrika geregistreer is, het glo reeds saam met die Mosambiekse Weermag aanvalle op vermeende rebelle-basisse in twee gebiede gedoen. Die militante selle het in die laaste weke groter, waaghalsiger en meer gesofistikeerd geword, sê inligting- en veiligheidsbronne, wat waarsku dat dit nie net ’n probleem vir Mosambiek is nie, maar ook vir Suid-Afrika en die hele streek.

34. Helicopter Gunship Shot Down

Al J Venter reported on 10/04/2020 that a Mercenary helicopter gunship was shot down by rebels in Northern Mozambique.

35. ISIS Terrorists Commit Massacre

On the webpage of *Club of Mocambique* it was reported that Islamist terrorists massacred between 50 and 70 people in Muidumbe district in Cabo Delgado on 08/04/2020. They also overran the district capital, Namacunde, and occupied the district police command, raided seven other villages, the district administrative office, a local bank and a filling station. In Muatide, the largest village in the district, the insurgents destroyed the local health centre and also raided a secondary school.

Resistance from the islamist incursion came from a group of veterans of the country's independence war against Portugal, who had ambushed a group of the insurgents and killed more than 30 of the islamists. The massacre the following day was in retaliation. The insurgents called the residents of the village to a meeting, where-upon several were seized and beheaded. Many others were gunned down as they fled.

36. A Dirty Little War

Al Venter published a detailed account of the conflict in the May 2020 issue of the publication Key Aero. The article can be read on the web page at www.Key.Aero.

DIE COVID-19 PANDEMIE

37. Inligting oor die COVID Pandemie

Johan Schoeman van Afd Inl verklaar dat hy "… verneem het dat inligtingstawwe in die VSA reeds in Jan 2020 die VSA se regering oor die moontlike uitbreek van die COVID-pandemie ingelig het. Dit blyk dat hierdie waarskuwing dieselfde pad geloop het as waarskuwings oor onder andere nuwe en herontluikende siektetoestande en maatreëls om dit aan te spreek, soos wat reeds voor 2000 deur die National Int Co-ordinating Committee (NICOC) aan die RSA se regering sigbaar gemaak is. Die versuim om hierdie kwessies met die nodige erns te benader pla my nog altyd en ek vermoed daar is heelwat meer hier agter, wat medebepalend is vir die situasie waarin ons ons nou bevind. Sterkte vir almal in hierdie moeilike en histories betekenisvolle tyd".

38. The Danger of the Virus in the Cities of Africa

Peter Fabricius stated in the Daily Maverick of 17/04/2020 that the population density in New York City is 56,000 people per square kilometre (km2), where Covid-19 has been rampant. Africa's megacities, namely Lagos, Cairo, Kinshasa and Johannesburg all have peak population densities greater than that of New York City. Cairo's population density of 175,000/km2 also easily tops the density of Wuhan in China (106,300/km2) where the Coronavirus originated.

39. Problems for the French Navy

Arne Söderlund reports in hie MN that more than 1 081sailors aboard the country's aircraft carrier, Charles de Gaulle, have tested positive for COVID-19, a number that could continue to surge as the crew awaits approximately 930 more test results. Some 50% had no symptoms at all.

40. And Also the USN

Senior officials have confirmed that the USN's 297-strong fleet now includes 26 vessels with coronavirus cases on board. The photo shows sailors being taken for medical treatment.

41. A Submariners View of the Virus



TOEKOMSTIGE OORLOGTEATERS

42. Aggressive Naval Action by China

Angel reports in his MN that China has launched a provocative series of muscle-flexing exercises near Taiwan and the South China Sea, capitalising on the diminished US and allied presence in the region. This has added further fuel to regional competition and fears about the rising power's ambitions for the Indo-Pacific.

Naval power has always played a critical role in the way great powers interact and the design of powerful warships has often characterised the great power competitions of the past. The naval arms race before the outbreak of WW1 saw an unprecedented competition between the UK and German Empire, with much of the emphasis placed on Dreadnought

battleships echoing a similar, albeit smaller, naval arms race gathering steam between the US and China.

For the first time in nearly a century, two great powers stare across the vast expanse of the Pacific Ocean. The incumbent heavyweight champion, the USA, is tired and battle-weary from decades of conflict in the Middle East and is being circled by China, seeking to ascend to its position as a world leader.

43. President Trump Instructs the USN to Destroy Iranian Gunboats

President Trump has instructed the USN to destroy any Iranian gunboats that harass American warships at sea. The instruction has come in the wake of 11 vessels of the Islamic Revolutionary Guard Corps harassing six US warships in the Persian Gulf on 15/04/2020.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

44. Verkryging van Ambulans in Nood

Die persoonlike ervaring is dat daar in nood normaalweg nie ‘n ambulans by 1 Mil Hosp beskikbaar is nie, nadat die noodnommer vir ‘n ambulans by 1 Mil Hosp op 012-319 3313 of na-ure by 012-319 3167 geskakel is. Onlangs het Berdine, Toon Cook van Leërinligting se dogter, dieselfde ondervind toe Toon sy kop stukkend geval het. Veterane moet asseblief onthou dat in nood enige privaat ambulansdiens, soos byvoorbeeld 911, vir diens geskakel kan word. Hulle kan dan aangesê word om die pasiënt na die naaste militêre hospitaal te neem, maar in nood word daar na die naaste privaat mediese fasiliteit gegaan. Rapporteer die geval net SSM daarna aan die SAGD. Toon het agt steke agter in sy kop by Afd Ongevalle te 1 Mil Hosp gekry en is weer ontslaan. Kyk ook par 6 hierbo.

45. Die Samaritaan by 1 Mil Hosp se Apteek

Monica Moolman Muller van Personeel rapporteer oor ‘n “… besoek aan die Apteek by 1 Mil Hosp, waar die lid op diens die voorskrif neem en tot my absolute verbasing noem dat dit verval het. Sy beduie dat die voorskrif op 29/10/2020 uitgeskryf en ouer as ses maande is. Ek noem dat die voorskrif nog net vier keer gebruik is en dat ek nog twee keer daarmee medisyne kan kry, maar sy glo my nie. Sy gaan kort-kort binne toe vir leiding en die tou agter my word al hoe langer. Toe sy die derde keer van binne af uitkom, weet ek dat ek dié geveg nie gaan wen nie. Sy dring aan op 'n nuwe voorskrif en ek weet dat ek nie net voor die Paasnaweek ‘n dokter gaan kry nie. Die mense agter my kyk my ongeduldig aan. Die volgende oomblik tree 'n jong soldaat uit die ry uit en stap na my toe. En toe gebeur ‘n wonderwerk. Ek som hom vinnig op; skraal, sy kamoefleeruniform netjies, op sy een bors pryk die bekende valskermvlerkies en op die ander bors sy naam en die kenteken wat ons mediese dokters in die SANW dra. Hy sê vir my ‘… you are quite correct but these people do not want to understand, so let me write you a new prescription’. Hy vra haar vir 'n skoon voorskrifvorm maar sy hmm en haa in hulle taal. Hy neem my toe na 'n ander vloer waar hy skoon voorskrifvorms kry. Maar toe begin die stryd vir hom om my internis, 'n bekende professor, se handskrif te ontsyfer! Hy gaan toe na 'n ander afdeling om op hulle stelsel te kyk watter medikasie normaalweg vir my voorgeskryf word. Dit is 'n tydrowende proses want my voorskrif bestaan uit 13 items. So stuur die Here mense wat jou uit dilemmas red. My woorde aan hom was dat ‘… people like you will save this country".

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

46. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

47. Soektog na Genl Constand Viljoen se Borsbeelde

Paul Els is op soek na die borsbeelde wat oor die jare van genl. Viljoen gemaak is. Paul versoek hulp op sy e-posadres by paul@who-els.co.za.

48. Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie

Ek en wyle Willem Adriaan (Durie)van Deventer het jare gelede ‘n besondere ervaring op De Brug gehad. So gebeur dit dat ek die Offisier van Diens by HK Kmdmt OVS was en Durie die Hoof-Offisier van Diens. Hy vergesel my die aand na De Brug toe on die brigades te besoek wat met ‘n veldoefening besig was. Ons ry met die diensvoertuig. Durie is in ‘n das en baadjie geklee en ek was in bruin velddrag. Op De Brug beland die voertuig in ‘n moddergat en val was. Ek stel toe voor dat hy moet kom bestuur dan sal ek stoot om die kar uit die modder te kry. Durie weier want hy sê ek is die drywer en sal hieruit bestuur. Hy het uitgeklim en met sy groot hande die kar voor vasgevat en met alle mag na agter begin stoot toe ek die koppelaar los, maar die Hillman bly staan. Durie se das en baadjie was later vol modder en hy papnat gesweet. Talle pogings om uit die gat te kom misluk, maar na ongeveer 30 minute besef ek dat die kar in eerste rat is met Durie wat na agter stoot. Toe ek die Hillman in trurat plaas het dit net een sprong gegee en uit die moddergat gery. Tot en met sy afsterwe het Durie nooit geweet dat hy agtertoe gestoot het, terwyl die kar die heeltyd in eerste rat was nie”.

NUWE MILITêRE BOEKE

49. Boek oor Sektore 20 en 70. Johan van Wyngaard van Leërinligting is besig met ‘n opvolgweergawe van sy boek oor Sektor 70, maar kombineer dit met Sektor 20. Johan benodig die volgende informasie:

* Enige inligting oor maj Geoffrey Preston-Thomas, die eerste bevelvoerder van 33/701 Bn wat op 26/06/2018 oorlede is. Waar het Geoff gedien voordat hy Caprivi toe is en waarheen is hy in 1980 verplaas?

* Met die stig van die grensbataljons was twee kapteins as bevelvoerders aangestel, naamlik Paul Swanepoel by 34 Bn en GPM McClachlan by 35 Bn. Twee majore is as bevelvoerders aangestel, naamlik Preston-Thomas by 33 Bn en Pinkie Coetzee by 36 Bn. Weet iemand hoe hierdie lede gekies is en die kriteria wat gebruik is om elkeen by spesifieke eenhede te plaas?

Insette sal waardeer word. My e-posadres is johanvwyn@gmail.com.

PAUL ELS SE BOEKE

51. Opdatering

“Ek het besluit om die boek ‘*Suid van die Rooilyn’* vir eers ter syde te stel omdat ek infomasie van slegs een person ontvang het. My aandag gaan nou op die boeke oor 5 Mil Werke-eenh, 101 Bn en Regt N Tvl toespits word. Tans help ek ook vier ander persone om hulle boeke betyds klaar te kry. Ek spandeer ook baie tyd aan die Nuusbrief vir die Parabats wat van groot belang is”.

WELSYNSWERK

52. Hulp aan Len du Preez van die Genie

* In die vorige Nuusbrief het Kobus Nieuwoudt van die Genie gerapporteer dat Len ‘n Diabeet is en dat albei sy bene geamputeer is. Hy en sy vrou woon in Reitz in ‘n klein woonstel agter in iemand se erf. Hulle staatspensioen is omtrent net genoeg om die huur van die woonstel te dek, maar het militêre mediese sorg met ‘n maandelikse bydrae van bykans R800 totdat Len 60 jaar oud is. Len sit gedurende die dag by die Reitz/Petrus Steyn-padkruising om hulle inkomste aan te vul. Kobus doen ‘n beroep op die Sappers om Len te ondersteun deur bydraes in die rekening ‘Sappers Support’ by Capitec se rekening 1698877127, takkode 470010, te maak.

* Tony Dippenaar van Cela het die geval opgevolg en rapporteer dat Len in 1996 ‘n uittreëpaket geneem het. Hy het suikersiekte ontwikkel wat tot die amputasie van albei sy bene gelei het. Hy moes sy bedel by die padaansluiting weens die huidige inperking staak, maar moet steeds ‘n maandelikse bydrae tot die Voortsettingsfonds maak totdat hy 60 is. Hy geniet wel intussen mediese dekking via die Fonds, maar kan dit nie die betaling bybring nie. Die uitstaande bedrag vir opbetaling beloop R6 470, wat hom dan van die maandelikse paaiment vrywaar. Ek wil graag ’n beroep op die SAWV doen om die verskuldigde bedrag te vereffen”.

53. Beroep deur die SAWV. Johann du Preez van die SAWV het na aanleiding van Tony se versoek verwittig dat die SAWV die kwessie oorweeg maar het ook die volgende bygevoeg:

“Ons almal se lewens is met die Covid-19 pandemie ontwrig. Hierdie situasie plaas finansiële druk op almal en kan veroorsaak dat mense in ‘n situasie van nood kan beland. Die SAWV is gestig om om te sien na die belange van sy lede. Ons sal dus graag ingelig wil wees indien daar van ons lede in nood verkeer. Ons het waarskynlik nie die vermoë om alle situasies self te kan hanteer nie maar is verseker in ‘n posisie om hulp te kan reël by instansies en welsynsorganisasies waarmee ons saamwerk. Ons versoek dus ons lede om die vrymoedigheid te hê om ons in te lig indien uself in ‘n moeilike situasie verkeer en die inligting wat ons ontvang sal vertroulik hanteer word. Netso indien u van ander lede se swak situasie bewus is. My e-posadres is blouvalk1@sawv.co.za”.

ALGEMENE ASPEKTE

54. Wilde Militêre Woordeboek

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie verduidelik dat hy “… verlede jaar met ‘n Bos-Diktionaris begin het waarin militêre uitdrukkings van die Bosoorlog nagevors word. Die vorige versoek om bydraes het nie sterk meelewing getoon nie, maar ek het wel betekenisvolle bydraes ontvang. Tans is nagenoeg 600 uitdrukkings en begrippe gedokumenteer. Een besondere aspek is die oorsprong van byname van sekere lede, asook eiesoortige vloek- en skeltaal in die SAW. Oud-lede word opnuut versoek om begrippe en uitdrukkings vir dokumentering aan te stuur, veral nou want ons wat die begrippe gebruik het word minder en so gaan hierdie uniekheid ook daarmee verlore.

Help asseblief met die volgende:

* Hoe het rantsoenpakke oor die jare heen verander?
* Wie het die A-bom van die SALM ontwikkel; die RSA of die Rhodesiërs?
* Wie het die voortou geneem met die ontwikkeling van die eerste mynbestande voertuie; die Rhodesiërs of is dit in die RSA begin?

* Wanneer is die eerste landmyn in SWA gedetoneer?
* Wanneer het die eerste plaasaanval in SWA plaasgevind en was dit die Special Unit wat verantwoordelik was.

Onthou die byname van oudlede en wat die oorsprong daarvan was. So byvoorbeeld het ene kpl van Huysteen verskriklike bakore gehad en dit het aan hom die bynaam van 'Wingnut' besorg.

Die dames van SA Leër Vroue Kol moet asb laat hoor van hulle unieke taalkundige uitdrukkings, selfs al is dit soms ongepoleerd. Die belangrikste is dat dit deel van die militêre kultuur op 'n gegewe tydstip was.

Ons lede se samewerking word opreg waardeer. My e-posadres is kriek1953@gmail.com". Nota. Wonder nogal waar kom die bynaam 'Kriek' vandaan?

55. Military Despatches

Robbie Roberts of the Signals Association reports "… that the Apr 2020 edition of Matt Tennyson's popular and widely distributed journal is now available on the Internet. This edition again contains a number of interesting articled for the military enthusiast".

56. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Apr 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

56. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-verenigings 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

57. SA Infanterie-vereniging SAIV). Geoff Holland-Muter slaan die kitaar by die Vereniging en hy verklaar soos volg:

"Die Nasionale President van die SAIV, Brig-genl John Lizamore, sterk goed aan by die huis na die vervanging van sy heup. Hy bedank almal wat hulle beterskapgroete aan hom gestuur het.

Genl Andre Bestbier sterk by sy huis aan na die hartoperasie. Dit gaan elke dag beter en beter.

Al die SAIV se aktiwiteite soos parades, hinderlae en vergaderings is is tot ten minste einde Mei 2020 gevries. Die SAIV sal sy lede op hoogte hou van veranderinge. Een van die dae kan ons weer lekker saam kuier!

Die SAIV se NUR moedig al sy lede aan om in hierdie tye steeds met mekaar kontak te hou en met mekaar hulle ondervindinge te deel. Gebruik die FB en al die elektroniese hulpmiddels om kontak te hou".

58. AGM of the SA Military Intelligence Veterans Asssociation (SAMIVA)

Mike Huxtable is the Secretary of SAMIVA and reports that a well attended Annual General Meeting (AGM) was held at the Intelligence Memorial and Museum in Colesburg on 21/03/2020. The minutes of the meeting and other relevant documents are available on request from Mike at samiva.sec@gmail.com.

59. Tydskrif van die Valskermvereniging

Batchat is die tydskrif van die vereniging se tak in Pretoria. Die nuutste uitgawe is aan genl Constand Viljoen opgedra en is 'n puik versamelstuk. hierdie uitgawe is van Paul Els se e-posadres by paul@who-else.co.za beskibaar.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

60. Hands off the Pensions! Martin Welz wrote the following article, which has been shortened, in the issue of 01/04/2020 of *Noseweek:*

Noseweek received a letter from Adamus Stemmet of AMAGP wanting to publicly express his organisation's thanks to the opposition MPs who had declared themselves willing to go to the highest court in the land to stop the government from accessing over R250 billion of its

employees' pensions for another Eskom bailout.In a media briefing the DA had stated that they will make sure government does not touch a cent of their employees' pension money. Stemmet states that the government is in control at all levels of the pension fund as it appoints half the members Board of Trustees and unions, six. Only two members are elected, with only one representing the 400 000 pensioners. At the PIC, the whole board is appointed by the government, so it is effectively in control of the management of the pension fund as well as the investments made by their corporation.The sustainability of the fund is now really in jeopardy. The government's guarantee for the investments in Eskom amounts to only 67%, and in any event can be regarded as non-existent. You are aware that almost nothing is left of the contingency reserves of the pension fund. We have pointed out before that the income from investments can no longer cover the administrative costs and present pension payments. Already 41% of monthly contributions by serving members is used for this purpose. The eventual effect is obvious. Despite the truly dangerous situation the GEPF is in, the ANC and Cosatu seem hell-bent on their crazy plan to save Eskom.

Noseweek hopes that readers will find some perverse consolation in the recent words of respected financial commentator, Magnus Heystek, who have stated that "… there is no longer such thing as a carefree retirement. Traditional retirement strategies (equities, property and a little cash) have been gutted over the past 5 to 10 years and most retirement dreams have been shattered..."

61. Statement by AMAGP on Illegal Use of Pension Money

AMAGP has noted that a task team appointed by the government is of the opinion that it may become necessary to use funds of certain pension funds in suitable ways. it is obvious that the Government Employees' Pension Fund (GEPF) will be affected if this recommendation is accepted. The purpose of the Government Employees Pension Fund Law of 1996 (the Law) is to ensure that the GEPF provide pensions to its members and for nothing else. We respectfully wish to point out to the President and government that the utilization of the assets of the GEPF for any purpose other than those provided to by the Law will be illegal.

62. Analysis of the GEPF Annual Report for the year 2018/19. Christo van Dyk is the auditor of AMAGP and has compiled a detailed analysis of the contents of his report, as reported in GEPF Monitor No 5 of 2020. The auditor stated the following on the remuneration of the 19 trustees:

It is interesting that there appears to be no problem for Trustee remuneration to continually increase at a rate far in excess of inflation, but the GEF finds it virtually impossible to improve the lot of the majority of pensioners and spouses with more than 5% annually. The Trustees of the GEPF received the following annual increases since 2016:

* Financial Year (FY) 2016. 5%

* FY 2017. 40%

* FY 2018. 27%

* FY 2019. 15%

The 19 trustees all received substantial payments for their efforts and it is amazing to note that two of the Trustees received almost a million rand between them, which is on top of their normal monthly pensions. As an example one of the Trustees, who had been selected by Pensioners, received the following amounts for attendance of meetings (R342 3520), a

retainer fee (R47 814), subsistence and travel allowance (R13 0630) with a total of R403229.

63. New Issue of the GEPF Monitor

The latest issue is now available and can be read on the website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

64. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook met rasse skrede groei. Die webblad se nuwe naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook staan nou al op , wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

65. Where are the Family of Capt John Frederick Kinnery of the SAAF?

Hennie Heymans of the ZARPe advises that he had received an enquiry from Mr Ruud Slangen in the Netherlands, who informed Hennie that his association, Bond van Wapenbroers, wishes to make contact with any relatives of Capt Kinnery. He states "…that Capt Kinnery was apparently seconded to 29 Sqn of the RAF during WW2, whose Mosquito crashed near my hometown, Harderwijk, on 02/02/1944. He lies buried here in Harderwijk, together with 42 other aircrew members who had fallen during WW2. My Veterans' Organisation remembers them with a small ceremony in November of every year. We would appreciate it if we could advise John's relatives that his name is not forgotten and to get a photo if at all possible. His particulars are as follows:

Capt John Frederick Kinnery.
Service number 102495V.
Pilot of De Havilland Mosquito MM519 RO-?
His navigator was Flight Officer JD Morgan.

We would really appreciate any assistance. My e-mail address is ruudslangen@tiscali.nl".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

66. NTR.

ADMINISTRASIE

67. NTR.

NETWORKING

68. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

69. Food for Thought

* When people by and large are contributing more than they are taking, they create surpluses and prosperity. When taking more than they give, they create deficits and poverty - Jerry Schuitema

* A mere 45 years after Winston Churchill's death, 60% of British teenagers did not know who he was. Instead, most associated the name ‘Churchill’ with a cartoon bulldog in an insurance advertising campaign - Nicholas Vardy

70. The Threat to the Enemy and Own Forces. As copied from the Apr 2020 issue of Spindrift with thanks.

71. <u>The SA Economy in a Nut Shell</u>

72. <u>Zapiro on the Lock-down</u>



SLOT

73. And on that uncertain note, geniet die res van die week, maar bly vir eers by die huis.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

74. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.